## BOEKBESPREKING

D. Kempff: *Rondom die Woord geskaar.* Pro Rege-Pers Bpk., 1971. Potchefstroom.

P. J. de Bruyn: *Kuisheid vóór die huwelik.* Pro Rege-Pers Bpk., 1971. Potchefstroom.

Johan de Ridder en P. J. de Bruyn: *Stel die geeste op die proef.* Oor popmusiek en die opera „Jesus Christ Superstar". Pro Rege-Pers Bpk., 1971. Potchefstroom.

Hoewel bogenoemde drie werke nie as 'n trilogie deur die skrywers bedoel is nie, kan dit inderdaad as sódanig beskou word. Want in al drie hierdie werke gaan dit om wesenlike gevare wat ons gesinslewe bedreig — die verwaarlosing van huisgodsdiens; die seksuele verwildering van ons tyd; en die invloed van psigedeliese musiek op die mens met besondere verwysing na die popopera „Jesus Christ Superstar".

Die werke dui nie net dieselfde gevare aan wat ons gesinslewe vandag in die krisis plaas nie, maar uit die oogpunt van die leser vorm die drie werke ook 'n waardevolle trilogie vanweë die prominente oplossing wat aangebied word om hierdie krisis van ons tyd die hoof te bied, nl. die onvoorwaardelike terugkeer na die eise van Gods Woord.

D. Kempff: *Rondom die Woord geskaar.*

In hierdie boek begin die skrywer heeltemal tereg met 'n besinning oor die wesensaard van die gesin (hoofstuk II) om teen dié agtergrond die godsdiens ín en ván die huisgesin behoorlik te kan verstaan. Op p. 7 verklaar hy: „Juis omdat die besondere eieaard van die gesin deur God daargestel is, moet dit vir ons ook duidelik wees dat ons hier met 'n unieke verskynsel te doen het. Dit is nie moontlik om op enige wyse 'n kopie van die gesin te maak nie".

Hiermee kan ons heelhartig saamstem. Die klemtoon op die *uniekheid* van die huisgesin as uitgangspunt is noodsaaklik.

Die daaropvolgende motivering van dié stelling kan egter bevraagteken word: „Tereg is die huisgesin daarom genoem die eenvoudigste *sel* in die menslike samelewing. Terselfdertyd vorm die gesinne ook die boustene van die samelewing — sonder gesinne geen volk en geen kerk nie. Dis egter nie dooie stene nie, maar lewende stene. Daarom is die beeld van die *sel* hier ook meer gepas — omdat 'n sel 'n lewendige klein eenheid in 'n lewende liggaam is". (Kursivering van my, A.N.H.).

Is die uniekheid van die huisgesin daarin geleë dat dit die onmisbare *sel* is waaruit die ander samelewingsverbande soos kerk, staat en maatskappy moet groei en ontwikkel òf word met die „sel" gedagte slegs bedoel dat die gesin die noodsaaklike fondament is

waarop die ander samelewingsverbande gebou moet word?

Wat die bedoeling ook al is, kan hierdie kritiek van Spier oor die sel-teorie seker in gedagte gehou word: „Het gezin wordt wel eens genoemd de „kiemcel der maatschappij" en ook in onze kring doet de cel-theorie van het gezin soms opgeld. Bedoelt men met deze uitdrukking, dat het gezin de *grondpeiler* is van de tijdelijke samenleving, dan is tegen deze spreekwijze alleen het bezwaar in te brengen, dat zij minder helder is en tot misvatting aanleiding kan geven, omdat de rijkdom van de menselijke samenleving niet met een organisch begrip (ontleed nl. aan de biotische wetskring) te vatten is. Doch beoogt men met deze aanduiding zich rekenschap te geven van de gezinstructuur, door te poneren, dat heel de samenleving aan het gezin als kiem ontsproten is, dat alle andere levensverbanden als het ware in het gezin liggen opgesloten en zich daaruit ontwikkeld hebben, zodat het huisgezin de oergemeenschap is, dan moeten we ons met alle kracht tegen zulk een gedachtengang verzetten, die — in de verabsolutering van de gezinsverband de eigen aard van de andere verbanden ontkent en aan hun structuur het normatief beginsel ontneemt, dat in die goddelijke wereldorde verankerd is" (J. M. Spier: Inleiding in de wijsbegeerte der wetsidee", p. 186).

Moet ons die uniekheid van die huisgesin nie in die eerste plek soek in sy funderingsfunksie en bestemmingsfunksie nie? — sy funderingsfunksie nl. dat die gesin rus op bloedgemeenskap — die bande van bloed waarin die innige betrekking tussen ouers en kinders gegrond is, en sy bestemmingsfunksie nl. dat die gesin 'n onvergelyklike liefdesgemeenskap is? Die skrywer bespreek wel hierdie twee funksies van die gesin resp. op p. 5 en p. 9—12, maar dan nie in die eerste plek as direkte motivering van die uniekheid van die huisgesin nie.

Op p. 19 haal die skrywer die volgende uitspraak van prof. Herman Bavinck met instemming aan: „Die menswording van die mens vind in die gesin plaas". Die bedoeling hiermee is om die groot invloed van die gesinslewe op die mens aan te toon wat die skrywer dan ook doen deur op die positiewe en negatiewe invloede te wys wat van die gesinslewe kan uitgaan.

Dat die gesin wel 'n baie belangrike vormende invloed op die mens het kan niemand seker ontken nie, maar is dit nie vir verkeerde interpretasie vatbaar as dit só geformuleer word dat die mens *mens word* in die gesin nie? Jy *word* tog nie mens nie, maar *is* mens, ondanks die sonde. Menswording is die geliefde terminologie van die moderne eksistensialistiese denker wat daarmee wil beweer dat die mens eers mens word in sy medemenslikheid. Die uitdrukking *menswording* (hoewel beide Bavinck en Kempff dit nie in eksistensialistiese sin bedoel nie) kan myns insiens hier weggelaat word sonder om enigsins afbreuk te doen aan dít wat die skrywer hier wil tuisbring.

Op p. 25 en p. 39 kom twee drukfoute voor nl. „gesmaak" i.p.v. „gesmeek" (p. 25) en „aanstons" i.p.v. „aanstonds". Die volgende uitdrukking op p. 42 klink ook vreemd: „Oor wat die Skrif bied, *wil ons kort gaan*". (Kursivering van my A.N.H.).

Die belangrikste is egter dat die skrywer m.i. met hierdie boek in sy doel slaag. Gesonde gesinsverhoudinge onderling is inderdaad slegs moontlik as die fundamentele betekenis van huisgodsdiens in die gesin besef word en ook sy regmatige plek in ons huisgesinne sal inneem. Hierdie boek word sterk aanbeveel om in elke huisgesin gelees te word.

P. J. de Bruyn: *Kuisheid voor die huwelik*

In hierdie boek behandel De Bruyn die tweede aktuele gevaar wat gesonde gesinsverhoudinge onderling kan versteur en ook ontwrig nl. seksuele verwildering in die tydperk voor die huwelik.

Volgens die skrywer is die bedoeling van hierdie boek nie slegs om 'n *protes* te wees teen die sondes op seksuele gebied in die voorhuwelikse tydperk nie, maar ook om *leiding* te gee aan persone vir wie daar onduidelikheid in hierdie verband is en hulle so te help om die regte keuse te maak.

Myns insiens slaag die skrywer uitnemend in hierdie doel. Hy volstáán nie net met 'n aantal bewysplekke uit die Skrif wat seksuele omgang vóór die huwelik verbied nie, maar gee prakties en positief leiding t.o.v. drogredenasies waarmee jong mense vandag gekonfronteer word bv. „as ons mekaar liefhet — waarom nie?" en „Jy is preuts en outyds".

Die besondere klemtoon op die verantwoordelikheid van die vrou en die gesinslede onderling teenoor mekaar onderstreep dan ook die noodsaaklikheid dat hierdie boek deur die hele gesin gelees behoort te word.

Vanuit die oogpunt van die etiek gesien bied die skrywer 'n vertikale en horisontale beskouing van die probleem van sedelike verval by die mens. Vertikaal sien hy die mens in die eerste plek in sy etiese lewe regstreeks betrokke op God, en horisontaal die verantwoordelikheid van die mens teenoor sy medemens.

Sonder om die onderskeid tussen *moraliteit* en *moraal* (wat Brillenburg Wurth maak) by name te noem, gee die skrywer wel aandag aan beide hierdie aspekte van die sedelike verval by die mens, in besonder die seksuele verwildering in die voorhuwelikse tydperk. In die moraliteit gaan dit om die *praktyk* van die sedelike lewe en in die moraal om die sedelikheids*opvatting* of sedelike *oordeel.*

Wat eersgenoemde betref toon die skrywer duidelik die oorsake van die sedelike verval aan deur o.a. te wys op die rol van films, dramas, foto's, advertensies, boeke, tydskrifte, televisieaanbiedings, asook die vrylike beskikbaarheid van voorbehoedmiddels en die ontdekking van antibiotika waarmee geslagsiektes doeltreffend bestry kan word. Die agteruitgang in die moraal d.w.s. in die sedelikheidsopvatting, word heeltemal tereg toegeskryf aan die losmaak van die band tussen die Christelike godsdiens en die sedelike lewe, in besonder t.o.v. die seksuele lewe (p. 4).

Die konsekwensies hiervan word dan ook deur die skrywer aan-

getoon o.a. dat i.p.v. 'n min of meer eenvormige beskouing oor seksualiteit, tree daar eerder soveel uiteenlopende opinies in totale wanorde in dié verband na vore (p. 7). Brillenburg Wurth tipeer hierdie konsekwensies as 'n „volstrekte morele scepsis, die niet maar bepaalde concrete zedelijke normen of idealen in twijfel trekt, maar zóver durft te gaan, dat ze zelfs elke idee van zedelijke verplichting alleen maar als een fictie kan zien" (G. Brillenburg Wurth: „Het christelijk leven", p. 11).

Hoewel die skrywer dit om begryplike redes nie in sy boek aantoon nie, is dit tog interessant om daarop te let dat hierdie konsekwensies reeds so vroeg as die begin van die 19e eeu na vore kom. Immanuel Kant het openlik i.p.v. 'n teonome etiek met sy gehoorsaamheid aan Gods Wet 'n outonome etiek gepropageer, waar die mens alleen maar gebonde is aan die kategoriese imperatief, die „jy mag" van jou eie Rede.

Hierdie gedagtegang word teruggevind in die historiese materialisme van Karl Marx asook in die lewensfilosofie van Nietzsche waar alleen dít wat die lewe dien as goed kan geld, terwyl alles wat die lewe in sy ontwikkeling en bloei kan belemmer as sleg getipeer moet word.

Hierdie lewensfilosofie het weer die weg gebaan vir die wysgerige eksistensialisme van denkers soos Heidegger en Sartre wat die mens bewustelik losmaak van God omdat hy reeds sy geloof in God en in die ewigheid verloor het. Daarom bly daar vir hom niks anders oor as hierdie lewe in hierdie wêreld nie.

In sy geheel gesien beskou ek hierdie boek van De Bruyn as die mees geslaagde van dié wat reeds uit sy pen verskyn het, en kan dit van harte aanbeveel vir sowel predikante as lidmate.

Johan de Ridder en P. J. de Bruyn: *Stel die geeste op die proef.* Oor popmusiek en die opera Jesus Christ Superstar

Hierdie boekie bestaan uit twee hoofstukke waarvan die eerste handel oor popmusiek in die algemeen deur Johan de Ridder en die tweede 'n ontleding gee van die popopera: „Jesus Christ Superstar" deur P. J. de Bruyn.

In hoofstuk 1 word 'n treffende en onmiskenbare verband gelê tussen popmusiek, dwelmmiddels en revolusie, terwyl in Hoofstuk 2 aan die hand van die teks van genoemde opera aangetoon word hoedat die Bybel verdraai en vervals word, die godheid van Christus geloën word, die Christelike godsdiens ondermyn word asook die skadelike invloed van hierdie godslastering op die jeug van ons kerk.

In teenstelling met hierdie gevare waarop die skrywers wys, het 'n opname onder 'n aantal jong mense egter hierdie skokkende feit aan die lig gebring dat hul in dié opsig waardering het vir hierdie opera dat Jesus Christus nader aan hul gebring word op 'n wyse wat hul kan verstaan en belewe. Dit bring dié vraag na vore in hoeverre die invloed van die nuwe teologie met sy gedagte van

die *horisontalisering* van die godsdiens (vgl. o.a. Kuitert) al deurgewerk het in ons eie geledere?

Sluit die motivering van die genoemde waardering vir dié popopera nl. dat Christus op verstaanbare wyse nader aan die mens gebring word, nie aan by die gedagterigting van bv. 'n teoloog soos *Robinson* nie? Volgens hom is God dood en moet weer lewendig gemaak word. Die enigste manier om dít te bewerkstellig, is om God weer nader aan die mens te bring. Art. 1 van die N.G.B. dat God ewig, onbegryplik, onsienlik, onveranderlik, oneindig, almagtig en regverdig is, is wel waar, maar sê in werklikheid niks vir die mens van vandag nie, aldus Robinson.

Die twee skrywers verdien die dank en waardering van elke Christengelowige vir die positiewe wyse waarop hulle waarsku teen die verderflike invloed van hierdie popopera. Nie net die *ondermyning* nie, maar ook die *kommersialisering* en *profanisering* van die Christelike godsdiens deur hierdie popopera word onderstreep deur die volgende berig in „Die Transvaler" van 26 Oktober 1971 dat „Jesus Christ Superstar" nou in New York ook op die verhoog aangebied word: „'n Miljoen rand se kaartjies is al verkoop, terwyl beskikbare kaartjies teen R50 stuk in die sluikhandel verkry kan word. Teen aanstaande jaar, hoop die aanbieders, sal die omset al meer as R18 miljoen wees".

„In die teater self was daar 'n kaalvoet-Christus op die verhoog. By hom 'n sensuele, wangkussende Maria Magdalena, 'n verwyfde Herodes... en 'n swart Judas in silwerkleurige amper-onderbroekie... „Nog 'n gevolg van die verhoogstuk is popwinkels wat nou Jesus Christus-onderbroeke vir mans en Jesus Christus bikinis vir vroue verkoop".

Mag Suid-Afrika van hierdie godslastering gespaar bly!

Hierdie boek moet deur elke gelowige gelees word om hom op hoogte te stel van die gevare wat ons al meer deur die medium van psigedeliese musiek bedreig.

Dit is werklik jammer dat hierdie 3 boeke in 'n druk verskyn wat nie aan die waardevolle inhoud daarvan reg laat geskied nie.

A. N. Helberg.

B. C. Milner jr.: *Calvin's Doctrine of the Church.* Vol. V, Studies in the History of Christian Thought, red. H. A. Oberman, Tübingen, e.a. (E. J. Brill, Leiden, 1970).

In die moderne internasionale belangstelling vir die Reformatoriese teologie moet ons ook kennis neem van bogenoemde lesenswaardige proefskrif by die Harvard Universiteit. Die skrywer het uit „ecumenical concern" besluit „to re-examine the foundations". Voor die Eerste Wêreldoorlog is gangbaar aanvaar dat die „governing intention" by Calvyn die leerstuk oor God en die soewereine wil in die

predestinasie was. Daarvolgens is hy as rasionalis en legalis bestempel. Daarna is aangeneem dat die openbaring van God in Jesus Christus Calvyn se teologie sluit. Toe is hy geroem as konfessionalis. Milner vergelyk egter die Institusie (Boek IV was teen 1543 voltooi) met Calvyn se latere kommentare en raak oortuig dat die leer oor die kerk die „centre of his thought" is.

*Die sentrale motief in Calvyn se teologie*

Calvyn kom telkens met die frase: *distinctio sed non separatio.* Hy gaan uit van die absolute korrelasie tussen Woord en Gees, onderskeie maar nie geskeie nie. Gevolglik moet 'n mens Calvyn se leer oor die kerk dialekties verstaan. Waar die Woord en Gees korreleer, ontstaan 'n orde en daardie orde beskryf die kerk (stofomslag en p. 4).

*Calvyn se ordebegrip*

Calvyn ken die kerk as 'n geskape, lewende, historiese en menslike organisme en derhalwe bepaal „history and order" die kerk. Verlossing beteken in wese „the restoration of the order established in creation" (p. 9).

*Die orde in die skepping:*

Calvyn raak in ekstatiese vervoering oor die orde in die geskape wêreld. Die Natuur is (en daarin verskil Calvyn van die humanisme) maar net die orde wat God die Vader voorskryf *(ordinatio Dei* = Woord) en wat die Gees uitwerk. Gevolglik verklaar hy die natuurorde met die eenheid en onderskeid binne die Triniteit (p. 14).

Die mens is mikrokosmos en dra die *semen* en die *signa divinitatis* (p. 20). Die beste in die mens word met die beeld van God geïdentifiseer, „the predominantly humanistic note in Calvin's anthropology". Calvyn breek egter radikaal van die filosowe in Bybelse linie weg omdat hy die beslissende *sondeval* aanvaar.

Die *sondeval* van Adam versteur die natuurorde en die natuurlike gawes van rede en wil, waardeur die mens juis politieke orde op die ordinatio Dei, die lex naturae moet skep (p. 35). Die sondeval bring mee dat die Gees wat positief geskep het, hom nou negatief terugtrek. Die sondeval veroorsaak egter nie chaos nie, eerder verwarring (confusio). Die mens is gevolglik nie meer geneig tot geloof en liefde tot God en liefdadigheid teenoor sy *naaste,* die „sacred band of society" nie (p. 35, 44). Dus, „wherever the *ordinatio* and *spiritus Dei* are correlated, there is order; where the Spirit works apart from the ordinatio Dei, there is the extra-ordinary; insofar as the ordination of the fall is correlated with the withdrawal of the Spirit, there is confusion and disorder..." Waar die Heilige Gees weer die oorspronklike orde van God herstel, tree die kerk na vore (p. 45). Die Gees regeer immers die uitverkorenes en beteuel die goddelose (p. 42).

*Die herstel van orde*

Die teenspraak tussen die bedoeling van die Skepper en die toestand van die gevalle mens hef God op d.m.v. die redding van die kerk. Sodoende is die kerk skepping van God *ex nihilo*, 'n opstanding uit die dode. Die kerk is dus nie 'n heilsinstituut *in* 'n geskiedenis van die wederoprigting nie, maar die kerk *is* die geskiedenis *van* daardie wederoprigting, wat met die Verbond van God met Abraham (Gen. 17 : 7), begin. In die kerk as selfbewuste gemeenskap speel die begrippe electio en adoptio 'n sentrale rol (p. 47).

Die Verbond is die algemene verkiesing van God. Die mens ontvang dus in die verband 'n „order, an order dependent upon the ordinatio Dei and the work of the Spirit". Gevolglik word die verbond beheers deur die verhouding tussen *ordinatio* en *ordo*. Die verbond is biologies in Abraham en erflik (p. 51), maar tog nie „taken for granted" nie. Iemand kan uitwendig tot die verbond behoort en tog nie onder die uitverkorenes wees nie (p. 55).

God realiseer die verbond deur roeping. Daar is 'n uitwendige roeping deur die Woord (prediking), waarby die Heilige Gees 'n innerlike roeping (verkiesing) moet uitoefen. Hieraan gaan 'n geheime roeping van God vooraf (p. 57). Dus bepaal die Heilige Gees eintlik wie uitverkore is. Roeping bestaan in wese uit 'n roepstem van die evangelie en verligting en regering van die Heilige Gees in die hart van 'n mens (p. 59). „It is in faith that our election is known". Calvyn definieer geloof as „a firm and certain knowledge of the divine benevolence towards us, which, founded on the truth of the gratuitous promise in Christ, is revealed in our minds and sealed in our hearts by the Holy Spirit" (p. 61). Ongeloof en twyfel by God se kinders is iets anders as tyd- en historiese geloof waardeur hipokriete selfs kan meen dat hulle gelowiges is (p. 63). Calvyn vra egter nie na geloof of twyfel nie, maar of geloof *waar* of *tydelik* is (p. 64). Niks is vanselfsprekend nie: „Faith is not a static, but a dynamic reality" (p. 64). Gevolglik is die kerk soos sy lede „always a pilgrim" (p. 65).

Daar is dus „relationship between the 'word' and the 'Word' and to the relationship between the creating ordinances of God and the same 'Word'. In all these cases . . the Spirit leads us through the 'outer' to the 'inner', through the 'general election' to the 'special election'... The Spirit is not annexed to that revealed ordinatio, but freely chooses to work with it and through it. The order resulting from the correlation of the work of the Spirit and the special election... must have reference to that ordinatio, whether this be thought of as general election, the covenant, or the outward calling" (p. 66).

Calvyn ken aan die woord kerk twee betekenisse toe, naamlik die kerk as die universele vergadering van uitverkorenes (electio en adoptio in genade) en die kerk as vergadering van gedooptes, onder wie baie hipokriete kan wees (p. 67). Milner verwerp gevolglik Troeltsch se kritiek op Calvyn asof hy twee afsonderlike kerke of 'n kerk van uitverkorenes binne die sigbare kerk daarop nagehou

het. „The unity of Calvin's doctrine of the church, therefore, is not a simple unity, and must be understood dialectically, or not at all . . ." Troeltsch het nie ingesien hoe die Heilige Gees die uiteindelike en innerlike fassades van die kerk verbind nie.

Die verbond van God rus op Christus. Wet en Verbond staan nie teenoor mekaar nie. Die Wet is verbondswoord, die ordinatio wat die politieke en kerklike orde tegelyk reël (p. 75). Die Wet is gebou op die Middelaar Jesus Christus, die Woord. „It is through Christ, then, and not in spite of him, that the Law remains forever in force", uitsluitend die seremoniële wette (p. 77). Omdat Christus die sin is, „the Word ought to be perceived in the *word*". Dan maak juis die Gees ons harte ontvanklik vir die Wet en Skrif (verligting). Die Wet het vir Calvyn 'n definitiewe drieërlei gebruik: om God se geregtigheid en ons ongeregtigheid te openbaar; om die goddelose in te perk; om die wil van God te openbaar

Met die opstanding uit die dode begin Christus se koningskap tot die Voleinding. Dit lei tot die uitstorting van die Heilige Gees waardeur God die „nuwe volk" (kerk) vir homself maak (p. 85). Die Gees open gedurig die evangelie vir die mens en die mens vir die evangelie (p. 92). „It is this inward work of the Spirit, I believe, which finally saves Calvin from legalism, not simply his emphasis on freely willed obedience to the commandments, or the fulfillment of the law in Christ, or even a counterbalancing affirmation of God's gratuitous mercy" (p. 96).

### *Die merktekens van die kerk*

Calvyn sê die kerk oordeel eerstens met die liefde dat alle „professing Christians" lede van die kerk is en tweedens met geloof dat „we believe *this* church to be *the* church" (p. 99). Die notae om te onderskei is die suiwer prediking van die Woord en die regte bediening van die sakramente. Soms neem hy „gemeenskap" en „gebed" as twee verdere kentekens waarin die „onsigbare" kerk „sigbaar" word. Vervolgens bespreek Milner Calvyn se opvatting oor die prediking, wat altyd ten doel moet hê „the communication of the word of God not through the Scriptures but through the 'living voice' of the preacher" (p. 101), as orgaan, as ambassadeur van God. Die predikers is egter veral orgaan van die Heilige Gees.

Die gemeente is ook geroep om te ondersoek en te oordeel — en ook dit is die werk van die Heilige Gees. Die ondersoek moet geskied deur die Woord en Gees, d.w.s. dialekties. Die Bybel is tot weinig nut sonder die Heilige Gees en Hy lei net diegene wat hulle aan die Bybelse lering onderwerp (p. 105).

Die sakramente is simbole, waarin die saak belangriker is as die simbool. Die Nieu-Testamentiese sakramente wysig net die vorm (nie die inhoud nie) van die Ou-Testamentiese en bly onvervreembaar verbonde aan die prediking van die Woord. Maar weer moet daarmee saam die onmisbare werking van die Heilige Gees gaan, anders is daar geen vrug of gevolg aan die sakramente verbonde nie. Sonder die Gees ontvang 'n mens die sakrament soos 'n blinde

die son (p. 119). Die werklikheid en teken is by die sakramente verbind soos die Woord (Christus) en die woord (Bybel). Christus is dus in die sakramente, in en deur die Heilige Gees werklik aanwesig (p.131).

Milner beweer (p. 123 e.v.) dat Calvyn onoortuigend oor die kinderdoop spreek, omdat hy die geloof so 'n vername plek in sy sakramentsleer gee. Milner slaag m.i. nie om Calvyn se leer oor die verbond (hfst. 2) werklik by sy doopleer te integreer nie. Calvyn redeneer dat die kinders ingebring word „into the church by baptism ... because they belonged to the body of the church before they were born" (p. 123). Hy sê wel dat Calvyn juis ook die vrye werking van die Gees as grond vir die kinderdoop aanvaar het. Hy meen egter dat die gebrek aan 'n *ordinatio Dei* en sy onvermoë „to affirm that baptism is necessary to salvation" (let wel oënskynlike Baptiste kriteria by Milner) Calvyn hier onoortuigend maak (p. 124 e.v.). Dit lyk eerder asof Milner Baptistiese „vooroordele" het wat hy as kriteria by Calvyn se doopleer gebruik.

„According to Calvin then, we cannot think of the church as a legally defined institution, where the word is truly preached and the sacraments rightly administered, nor can we conceive it mystically, as simply being in presence of Christ, leaving behind us the objective order. Rather the church must be defined dialectically as union with Christ, in, through, and together with the means by which the Spirit brings us to him" (p. 133).

### *Die bediening van die kerk*

Die dienste in die kerk is verbonde aan die merktekens van die kerk, nl. die prediking van die Woord en bediening van die sakramente. God beveel (Dei iussum) 'n orde (1 Kor. 14 : 40) waarvolgens Hy sy kerk regeer. Dit gee nie alle detail nie, maar die essense van die kerkregering is *ordinatio Dei.* Calvyn sê by Jes. 62 : 7 en Joh. 20 : 23 dat God wil dat die *herders* die kerk moet regeer en saambind tot 'n liggaam. Hy identifiseer die „pastors" van Calvyn miskien te maklik met predikante (p. 134). Die gesag rus eerder in die funksie of posisie (office) dan in die persoon, want dit gaan uit van die woord wat hulle bedien (p. 135). Die dienaar van Christus is herder, biskop en leraar en as sodanig 'n instrument en kruik van Christus. Vir hierdie diens is roeping 'n onmisbare voorwaarde. Die uitwendige roeping van die kerk as liggaam (al sou die kollege van herders daarin 'n rol speel) behoort te korrespondeer met die inwendige roeping van die Heilige Gees. Die kerk kan egter nie die innerlike beoordeel of met gebede die Heilige Gees bind nie.

Volgens Calvyn korrespondeer *bevestiging* (Engels: ordination) met die *ordinatio Dei* en die werking van die Heilige Gees. Hy sou selfs die bevestiging d.m.v. die oplegging van hande as 'n buitengewone sakrament wou duld (p. 144).

Calvyn reken eintlik net met twee ordes van dienaars, naamlik diakens en presbiters. Uit die presbiters word pastors en leraars (Pastores ac Doctores) getrek. Hy onderskei dus vier funksies: *ouder-*

*linge* wat regeer; *pastors* wat regeer en leer; *leraars* wat leer (uitgesluit van regering, sakramentsbediening en vermaninge). Die leraars moet die Skrif interpreteer en die leer onder gelowiges suiwer hou. „Although the order of presbyter may be subdivided according to its functions, the essential unity of the order is manifested in the office of the pastor, which overlaps the other two" (p. 146). Vir Calvyn stel die *ordinatio Dei* biskop sinoniem en op gelyke vlak met presbiter, pastor en bedienaar. Gevolglik kan daar hoogstens 'n primus inter pares wees, maar nooit net een die naam „biskop" van die ander vervreem nie.

Indien al die presbiters afsonderlik en individueel hulle amp bedien, sal dit na verwarring en chaos lei. Gevolglik is daar kerkrade nodig. „The council, of course, has no authority apart from that of the bishops, but it has greater authority than any single bishop". Die beginsel van gelyke outoriteit lei nie na individualisme nie en ook nie na die idee van onfeilbare vergaderings nie. Die kerk het die gawes van die Gees wat vry en verhewe bo die vergaderings verkeer. Gevolglik moet die kerk die besluite van vergaderings ondersoek en toets aan die Woord van God. Die samestemming van die Woord en Gees beslis die dialektiese ondersoek. Derhalwe verwerp Calvyn radikaal die Roomse „orders" wat die Gees bind aan kerklike dekrete (p. 156). Die verwyt dat hy daarmee die kerk skeur, spreek Calvyn nie aan nie omdat eenheid met Christus net in die eenheid van die suiwer leer kan bestaan.

*Die aanbidding van die kerk*

Net soos die bedieninge, is ook die aanbidding van die kerk onafskeidelik verbonde aan die merktekens van die kerk, nl., die prediking van die Woord en die bediening van die sakramente. Die aanbidding vloei immers daaruit voort en antwoord op die bedieninge. Die gebede en lof hou die kerk aan mekaar en versuim van die openbare godsdiens verraai veragting van God (p. 157). Die Woord is die absolute bron vir die aanbidding. Dit mag nie opgaan in die uitwendige nie, maar moet geestelik (d.w.s. onder leiding en verligting van die Heilige Gees) plaasvind. „The correlation of the *ordinatio Dei* and the work of the Holy Spirit forces upon us a dialectical grasp of worship (and obedience), most aptly expressed perhaps in the paradoxical form, God must be freely worshipped" (p. 163).

*Die kerk as koninkryk en liggaam van Christus*

Calvyn onderskei *koninkryk en liggaam* i.v.m. Christus se ampte van *Koning* en *Priester* (p. 164). Die twee ampte word in die ware kerk vervul deur die Gees (wat *regeer* en *laat deel in die geregtigheid)*. Christus regeer uiterlik met sy Woord, maar innerlik in sy kerk deur die Gees. Gevolglik kan heiligmaking en regverdigmaking onderskei maar nooit geskei word nie. „Evidently, then Calvin thinks of the kingdom of Christ as the church, but not simply so, for it is the manifest intention of God 'to reduce the whole world to order

and subject it to his government...'" Daarvoor het Christus die soewereiniteit ontvang. Die koninkryk rig hom dus op alle mense, maar bring slegs vir die uitverkorenes saligheid. Die kerk is die „point of intersection between the world and the elect" (p. 171). Die koninkryk het dus te doen met die „king*ship*" van Christus, die herstel van die beeld van God (p. 172) en „the extention of Christ's reign in the hearts" (p. 173).

Die lidmate van kerke kan deur middel van toestemming (communi consensu) sy eie vorm van kerkregering (politae formam) soos in sosiale verenigings daarstel. Die kerkordes kom slegs in so ver van God as wat hulle apostoliese voorskrifte weergee. Vir Calvyn is die belangrikste aspek van die kerklike mag die uitoefening van die *jurisdiksie* veral t.o.v. die morele dissipline as die strukturering en opvoeding van die kerk tot 'n „proper state" (p. 175). Hiervolgens stippel Calvyn die bekende beginsels (Kerkorde deel IV). Die dissipline is instrument waardeur God „creates a new people for himself" (p. 178) wanneer die Gees daarmee korreleer om die beeld van God te herstel. Die dissipline vorm „the heart of Calvin's doctrine of the Kingdom of Christ" binne die kerk, wat tegelyk ook liggaam van Christus is (p. 179).

Wie geregverdig is, is in die liggaam van Christus deur die werk van die Gees wat ons „partakers of the life of the Son of God" maak. Die Hoof bepaal die karakter van die liggaam maar die Gees bind saam en deel die gawes uit. „Just this work of the Holy Spirit, then, provides the dynamic element in Calvin's conception of the church as the body of Christ" (p. 183). Onderling bind *sumpatheia* die lidmate saam. Daar is dus 'n individualiteit maar hoegenaamd geen individualisme moontlik nie (p. 187).

*Samevatting*

Die uitvoerige opsomming van 'n duur boek (R11,31) wil die betekenis van die boek en veral Calvyn se aktuele kerkbegrip opnuut na vore bring. Die voetnote verwys so uitsluitend na die Institusie, kommentare en ander werke van Calvyn dat die boek feitlik in die taal en styl van Calvyn lees.

Die leer van Calvyn dat waar die Woord deur die Gees toegepas word, ontstaan 'n Godgewilde orde, gee 'n nuwe visie op die Kerkorde in ons tyd waarin 'n mens soms nogal neerhalende opmerkings oor die Kerkreg en Kerkorde, selfs onder eie geledere, teenkom. Wie hom deur Calvyn laat leer, sal verstaan dat Kerkreg nie Kubernetiek is nie. Kerkreg is nie die kuns om met „artikels" of afleidinge uit Kerkorde te goël nie. Kerkreg is een stuk ekklessiologie, miskien die anatomie van die kerk, want, en dit is duidelik, sodra die orde verdwyn (al is dit juis d.m.v. 'n gegoël met of rek van artikels, prosedures en reglemente), vervaag die kerk self. Minagting vir kerkorde en onwil om na die *ordinatio Dei* agter die artikel te soek, tipeer die liberale denke waarin die individu (of die helfte plus een op die vergadering) die kerk wil voorskryf (ordineer) en reglementeer.

B. Spoelstra.

Du Plessis, S. J. e.a.: *Openbaringsgeskiedenis. Die Ou Testament.* Standerd 6 en 7. Pretoria, Potchefstroom en Kaapstad, Interkerklike Uitgewerstrust. 1970 238 bladsye.

Die boek is geskrywe om leiding te gee aan die kinders en om terselfdertyd as handboek vir die onderwysers te dien. Die drie Afrikaanse kerke het hierin saamgewerk en gedeeltes van die onderwerp wat behandel is aan vakmanne uit elke kerk toegewys. So was daar vyf medewerkers t.w.: prof. S. J. du Plessis, mev. J. G. van Niekerk, dr. J. P. Oberholzer, dr. W. J. van Wyk, prof. F. C. Fensham en mnr. H. J. Hurn.

Dit is met dankbaarheid dat hierdie werk gelees is. Dit kan ook nie anders dat hierdie positiewe bydrae tot groot hulp sal wees vir Bybelkunde- en Godsdiensonderrig op ons skole nie. Die metode wat aangegee word, om die werk te bemeester, behoort mooi vrugte af te werp.

'n Woord van waardering is ook gepas as in aanmerking geneem word dat daar veel erns gemaak is om die inhoud so suiwer moontlik weer te gee. Die vier groepe medewerkers het mekaar oor en weer gekontroleer. Aan die ander kant is die veelheid van medewerkers ook die boek se swakheid. By al vier groepe was dit die doel om openbaringsgeskiedenis te skrywe, maar elke groep het 'n eie begrip gehad van wat openbaringsgeskiedenis in die praktyk beteken.

Aan die begin (bladsy 7) word gestel dat nie net die feite van die Bybelgeskiedenis behandel sal word nie, maar ook die betekenis daarvan. Dit word dus verwag dat namate die geskiedenisfeite gestel en profetiese woorde behandel word die betekenis daarvan in die tyd waarin dit plaasgevind het en vir die voortgang van die openbaring duidelik gegee sal word. Die verrassende is juis om te let hoedat God altyd meer openbaar het totdat die volheid in Christus gegee is. Deel I vanaf les 1 — 20 gee minder van die geskiedenis en konsentreer op die betekenis van die gebeure maar soms op 'n dogmatiese wyse. As voorbeeld kan les 2 geneem word, waar die skepping van die mens behandel word. Die skrifgedeeltes wat aangegee word is Gen. 1 — 3; Ef. 4 : 24; Kol. 3 : 10. Dit lyk nou asof die HERE al in Gen. 1 : 26 geopenbaar het dat die mens in kennis (Kol. 3 : 10), geregtigheid en heiligheid (Ef. 4 : 24) die beeld van God vertoon. Die eie openbaring in Gen. 1 : 26 gaan dan verlore. Die klem lê daar op die koninklike heerskappy wat die mens verkry as ambassadeur. Dit is maar een voorbeeld. Die uitdrukking op bl. 9 dat die Heilige Gees die *ewige Krag* is ... in Wie alles tot stand gekom het, is hinderlik. Is hy dan nie 'n Persoon nie?

Deel I vanaf les 15 — 20 in II vanaf 14 — 24 gee meer die geskiedenis met baie kort verwysinge na die betekenis. Deel II vanaf les 1 — 13 gee die geskiedenis en in die inleidinge en samevattinge van die hoofstukke word die openbaringshistoriese betekenis mooi weergegee. Die vraag het ontstaan of die st. 6 — 7 kind alles sal volg en of dit wat in I, 15 — 20 en II, 14 — 24 gegee is genoegsaam beantwoord aan die opset van die boek? Dit lyk tog of II: 7 — 13

wel geslaagd is omdat dit geensins te ingewikkeld gestel is nie en as verder in ag geneem word dat die onderwyser die gedeeltes nader sal verduidelik. Die skrywers van I, 15 — 20 en II, 14 — 24 het net 'n ander benadering gehad.

Dit is jammer dat die groot versigtigheid waarmee die aangeleentheid benader is, aanleiding gegee het tot 'n sekere vierslagtigheid!

Dit is egter met groot vrymoedigheid dat die boek aanbeveel word!

F. N. Lion-Cachet.

*Hier staan ons, geloftefeesbundel,* saamgestel deur A. P. van der Colf en versprei deur die N.G. Kerk Boekhandel, 76 blss., s.b., prys R1,00 Hardeband teen R2,50.

Hierdie ryk geïllustreerde en tegnies goedversorgde feesbundel het verskyn in opdrag van die Bloedrivierkommissie om die feestelike ingebruikneming van die gerestoureerde Bloedrivierslagveld op 16 Desember 1971 te begelei.

Die eerste 10 bydraes van predikante, waarvan een Gereformeerd en een Ned. Hervormed is, ontleed die Gelofte van verskillende kante. Daarna volg 10 kort opstelle oor historiese en ongeologiese aspekte soos die Gelofte, die veldslag, die Zoeloevolk, die Voortrekkerwa, ens. Die laaste agt opstelle beskou die Gelofte en die omgewing van Dingaanstat gedurende die afgelope jare. Etlike van hierdie artikels is ook weer van Ned. Geref. predikante afkomstig.

'n Mens kry dus die indruk dat die oorweging in die eerste plek was *wie* 'n bydrae moet lewer, eerder as *wat* beskryf moet word. Die losse en byna onsamehangende karakter, die wisselende waarde van artikels, oorvleueling ens., omlyn die beperking van die publikasies. Nietemin kan die bundel verskillende beskouinge oor die Gelofte deurgee en nuttig gebruik word wanneer toesprake vir Geloftefees voorberei moet word. Die artikels bekyk deurgaans die Gelofte positief binne die huidige situasie.

B. S.